WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 44

# INTERAFHANKLIKHEID AS INSTRUMENT TOT EKONOMIESE SELFSTANDIGHEID VIR BANTOETUISLANDE

**Prof. H.J. Weber**

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die Departement Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 14 Mei 1976.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1978

# INTERAFHANKLIKHEID AS INSTRUMENT TOT EKONOMIESE SELFSTANDIGHEID VIR BANTOETUISLANDE

## 1. INLEIDING

In die keuse van dié sepsifieke onderwerp was die bedoeling nie om 'n kitsoplossing vir 'n baie netelige probleem te probeer vind nie, maar eerder om enigsins orde te probeer skep in bestaande onderlinge verbande naamlik dié van ekonomiese lewensvatbaarheid, ekonomiese selfstandigheid en ekonomiese interafhanklikheid.

Die redes vir die keuse van dié onderwerp is dan ook voor die handliggend:

### (a) Die onderwerp is aktueel

Daar is reeds veel bespiegel oor *ekonomiese lewensvatbaarheid van Bantoetuislande,* oor moontlike ekonomiese *selfstandigheid* van Bantoetuislande en moontlike oplossings vir die probleme wat daarin vervat is. Die werklike oplossing van dié probleem raak elke Blanke en Swart Suid-Afrikaner in die land ten nouste, omdat die patroon van menslike voortbestaan in Suid-Afrika deur die uitkoms van dié oplossings bepaal kan word.

### (b) Die onderwerp is noodsaaklik

Meer as die helfte van die Bantoebevolkings van Suid-Afrika is tans nog in Blanke gebiede en dié situasie sal waarskynlik nie veel verander in die nabye toekoms nie. Deskundiges op die gebied van Staatsleer beweer selfs dat minstens die helfte van die bevolking in die jaar 2020 nog in Blanke gebiede sal wees. *Die verskil is net dat* dié helfte dan 31 miljoen mense sal wees wat 4 keer soveel is as die helfte van die huidige bevolking, naamlik 8 miljoen.

*Interafhanklikheid* sal gevolglik nie net *interstaatlik* wees nie, maar ook *interrasionaal* binne Blank Suid-Afrika. Daar *moet* gevolglik gedink word aan die invloed van *volkereverhoudinge* op ekonomiese *interafhanklikheid* en *andersom,* sodat die interafhanklikheid kan lei tot ekonomiese selfstandigheid van sowel die Blanke as Swart bevolkingsgroepe en nie tot die *uiteindelike oorheersing* deur een groep, wat waarskynlik die Swart groep sal wees nie. Om die verband tussen die genoemde elemente beter te verstaan, is dit nodig om vooraf enkele begrippe te omskryf.

## 2. BEGRIPSVORMING:

### (a) Ekonomiese lewensvatbaarheid:

Die begrip *ekonomiese lewensvatbaarheid* word baie dikwels gebruik sonder

dat dit duidelik gedefinieer is, en nog meer dikwels sonder dat die gebruiker of die toehoorder bewus is van wat die inhoud van dié begrip werklik is.

Lewensvatbaarheid kan maklik en heel gepas gedefinieer word as die *teenwoordigheid* val alle komponente wat noodsaaklik is vir *lewe* en *wat* slegs wat op 'n *asemirblasende aktiwiteit* om *lewe* te realiseer. *Ekonomiese lewensvatbaarheid* kan analogies gedefinieer word as die *teenwoordigheid* van alle ekonomiese komponente wat noodsaaklik is vir 'n *ekonomiese lewe* van 'n bevolking en wat slegs wag op 'n stimulus om die ekonomiese lewens-aktiwiteit te laat ontbrand.

*So heel maklik is dit egter nie* want *ALLE* komponente wat nodig is vir die ekonomiese lewe is in *geen* land sonder meer teenwoordig nie, maar kan tot 'n hoë mate slegs bekom word deur die *gerigte ekonomiese aktiwiteite* van die *MENS*. *Ekonomiese lewensvatbaarheid* wil ek dan graag definieer as die moontlikhede wat 'n *gebied* aan sy bevolking bied, om deur gerigte ekonomiese aktiwiteite 'n menswaardige bestaan te voer en 'n toenemende hoër lewensstandaard te bekom.

*Ekonomiese ontwikkeling* moet dus moontlik wees en daarmee saam die toename in lewensstandaard.

(b) **Ekonomiese selfstandigheid**

Ekonomiese selfstandigheid kan op tweërlei wyse gedefinieer word:

1. Die vermoë van 'n land om uit eie natuurbronne, kapitaal en arbeid vir 'n onbepaalde tyd te voorsien in die stygende lewensstandaard van 'n groeiende bevolking. Dit impliseer *selfversorgendheid*, maar het terselfdertyd ook 'n element van *isolasie* daarin opgesluit. Dit dui ook op ekonomiese *onafhanklikheid* – 'n eienskap waarmee geen enkele land in die huidige internasionale opset kan spog nie. Sou die tuislande geïsoleer word, dan is daar weinig hoop op ekonomiese lewensvatbaarheid om nie eens te dink aan ekonomiese selfstandigheid nie. *Dit gee aanleiding tot die tweede definisie.*

2. Ekonomiese selfstandigheid is die *onmisbaarheid* van 'n land in sy onmiddellike internasionale ekonomiese opset. Omdat geen land totaal onmisbaar kan wees nie, is die begrip relatief en kan daar slegs gepraat word van 'n mate van ekonomiese selfstandigheid. Ekonomiese selfstandigheid moet gevolglik gesien word as die *mate van onmisbaarheid van 'n land in sy onmiddellike internasionale ekonomiese opset wat haar in staat stel om selfgeldend op te tree.*

Dit is dan ook so dat, om die laasgenoemde onmisbaarheid te bereik, daar reeds goed gevorder moet wees op die pad van die eersgenoemde selfversorgendheid, behalwe waar soos in Suid-Afrika, sosio-politieke faktore 'n *ekonomiese interafhanklikheid* geskep het tussen die Republiek en sy Tuislande wat tot 'n redelike mate van onmisbaarheid kan lei, sonder dat *noodwendig* ver gevorder is op die pad van selfversorgendheid in die Tuislande.

### (c) Interafhanklikheid

Dis nie maklik om 'n presiese definisie van interafhanklikheid te gee nie. Baie woorde kan daarvoor gebruik word, en 'n groot verskeidenheid van nuanses lê in die begrip opgesluit soos: korrelasie, gemeenskaplike afhanklikheid, interverhoudinge, gemeenskaplike beïnvloeding en ooreenstemming.

Die lys is onuitputlik.

Wat egter baie duidelik is, is dat dit nie 'n *eensydige* aktiwiteit is nie en dat interafhanklikheid die gevolg is van *interaksie* tussen verskillende groepe – gewoonlik tot *voordeel van al die* partye daarby betrokke. Die woord *interaksie* dui ook op 'n hele sisteem van dinamiese aktiwiteite wat voortdurend in aksie is. Dit wys na *dit wat positief* bereik kan word deur dade EN NIE op die negatiewe invloed van *onaktiwiteit* nie.

Dis egter nodig om 'n verdere onderskeid hier te maak, naamlik tussen:

(a) *gemeenskaplike verbande* – wat in breë sin neerkom *op 'n vrywillige affiliasie* waaruit al die partye voordeel trek – maar waar bestaan daarsonder wel moontlik is; en

(b) *gemeenskaplike afhanklikheid* waarin *verpligting* 'n voorvereiste is, met ander woorde die organisasie is nie in staat om te funksioneer sonder die bydrae van die verskillende partye nie. *Dus* besliste noodsaak wat verpligtinge oplê. Dit is die betekenis wat voortaan aan interafhanklikheid geheg sal word in die verdere betoog.

Afhanklikheid in sy essense is 'n bindende konsep met 'n negatiewe aspek. Interafhanklikheid daarenteen is 'n positiewe konsep wat voordelig is vir al die deelnemers. Die graad van *interafhanklikheid* kan egter van tyd tot tyd verander *namate die komponente* van sodanige interafhanklikheid verander of selfs vervang word.

Aan die hand van hierdie *drie* konsepte sal voorts gepoog word om die potensiële ekonomiese selfstandigheid van die tuislande aan te dui.

## 3. EKONOMIESE INTERAFHANKLIKHEID TUSSEN RSA EN DIE BANTOETUISLANDE EN POTENSIëLE SELFSTANDIGHEID VAN LAASGENOEMDE

Soos ekonomiese lewensvatbaarheid en die ekonomiese selfversorgendheid is ook interafhanklikheid afhanklik van twee basiese komponente naamlik

*(i) DIE BEVOLKING VAN SO 'N GEBIED*
*(ii) DIE NATUURBRONNE VAN DIE GEBIED*

*BEVOLKING*

Vir 'n volk om ekonomies te *ontwikkel* (dit wil sê om op die pad geplaas te word na ekonomiese lewensvatbaarheid na latere ekonomiese selfstandigheid), is dit nodig dat daar ook in gelyke mate op *sosiale* en *politieke* gebied

ontwikkelinge moet plaasvind. Dit is ook 'n bekende feit dat dit meeste van die bestaande Tuislande skaars weg beweeg het van 'n *geslote* bestaans-ekonomie, dat hulle wel op pad is na politieke onafhanklikheid, maar nog 'n lang pad het om te loop tot politieke volwassenheid en dat *op* sosiaalkulturele vlak nog pynlike gewoonte- en struktuurveranderinge ondergaan sal moet word voordat *EKONOMIESE ONTWIKKELING* teen 'n *aanvaarbare* tempo sal kan geskied. Die *politiek* moet *orde en stabiliteit bring* in die besluitnemingsproses, sodat verandering in regering nie onnodige versteuring van ordelike ontwikkeling teweegbring nie. Terselfdertyd moet dit gesamentlike aksie stimuleer.

*Sosiale ontwikkeling* moet verandering bring in waardes en motivering ten opsigte van sosiale prikkels; veranderinge in *houding* sodat lojaliteite vanaf die kleiner groep na groter gemeenskappe kan verskuif en veranderinge *in gewoontes* sodat bereiking („achievement") 'n kriterium vir inkomste of status word. Sosiale ontwikkeling moet dus 'n *doelmatigheid* bring in ekonomiese ontwikkeling. In die proses is opleiding en skoling 'n noodsaaklike komponent want *ekonomiese ontwikkeling* veronderstel:

*(a) in tegnologie;* 'n verandering van eenvoudige tradisionele tegnologie tot wetenskaplikgefundeerde tegnologie;

(b) *in die landbou;* 'n verandering van onderhoudsboerdery tot kommersiële boerdery;

(c) *in die industrie;* 'n verandering van menslike en dierlike energiekrag na masjien-energiekrag; en

(d) *in die ekologie;* 'n verandering van plattelandse na stedelike sentra.

In dié hele samestelling is die Tuislande vir hulle ontwikkeling tot volwassenheid tans nog feitlik totaal *afhanklik* van Blanke kundigheid en kapitaal. Vir Blank Suid-Afrika om dié geweldige tempo van ontwikkeling wat reeds op ekonomiese vlak gestel is, te handhaaf, is dit weer baie sterk toegewys op die tempo waarteen Swart Suid-Afrika ontwikkel om ENERSYDS 'n geskoolde- en ander arbeidsmagte te voorsien en om ANDERSYDS 'n GROTER mark vir verbruiksgoedere te skep. Hierin is 'n ARBEIDS- en MARKINTERAFHANKLIKHEID GELEË wat nie deur Blank Suid-Afrika misken mag word nie en wat deur Swart Suid-Afrika aangewend kan word as instrument tot groter *ekonomiese selfstandigheid.*

Die afhanklikheid van die Bantoetuislande van Blank Suid-Afrika vir werkgeleentheid blyk duidelik uit die volgende gegewens.

Tabel 1

**Die persentasie samestelling van die nasionale inkomste van die Bantoetuislande soos deur verskillende komponente verdien**

| Verdien deur | Transkei | Ciskei | Bophuta-tswana | Lebowa | Venda | Gasanku-lu | Swazi | Kwazulu | Basotho Kwa-Kwa |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Inwoners van Tuislande | 14 | 14 | 8 | 10 | 16 | 6 | 6 | 14 | - |
| *Trekarbeid (Gas) | 28 | 18 | 8 | 33 | 68 | 23 | 94 | 20 | 2 |
| /Pendelare | | 18 | 22 | 2 | - | - | - | 14 | - |
| Deurlopend afwesig uit Tuislande | 58 | 50 | 62 | 55 | 16 | 71 | - | 52 | 98 |
| | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |

* Arbeiders vir 'n bepaalde termyn.
/ Pendelare – Daagliks heen en weer.

*Die grootste deel van hierdie afhanklikheid* vir werkgeleentheid aan die kant van Swart Suid-Afrika verteenwoordig ook die afhanklikheid van Blank Suid-Afrika ten opsigte van Bantoe-arbeid om sy ekonomiese masjien te laat loop om sy lewensstandaard te behou en te verbeter. Die komponente van dié interafhanklikheid kan verander, soos blyk uit die gegewens op die volgende bladsy.

Dit kom in die praktyk daarop neer dat daar wesenlik geen toename is van werkgeleentheid vir Bantoe in Tuislande teenoor werkgeleentheid vir Bantoe in Blanke gebiede nie. Dit blyk ook uit die toename van die persentasie bydrae van gasarbeiders in Blanke gebiede tot die Bruto Binnelandse Produksie van Tuislande vanaf 52 persent in die sestigerjare, tot 54 persent in die sewentigerjare. Meer werkgeleentheid vir Swart werkers moet dus nog in die Bantoetuislande geskep word as wat die geval in die Blanke gebiede is. Daar is egter enkele stremmende faktore in die proses naamlik:

(i) Die toename in die Bantoe-arbeidsmag verg in die praktyk nie presies ooreenstemmende toenames in werkgeleentheid nie, aangesien werktradisies onder trek- en ander werkers daartoe aanleiding gee dat baie van hulle hul werk gereeld, en soms vir lang rustydperke, onderbreek.

(ii) *Die volwasse manlike afhanklikheidslas is baie hoog in die Tuislande.* Die ekonomiese nadele van die hoë volwasse manlike afhanklikheidslas in die Tuislande word weerspieël in verminderde besparings en stygende uitgawes van maatskaplike dienste, soos gesondheid en onderwys. Hierdie lopende uitgawes maak dit feitlik onmoontlik om kapitaalvorming uit binnelandse bronne te finansier. Teoreties gesproke, verminder geldelike terugsending deur trekwerkers – in soverre dit wel geskied – die druk van die afhanklikheidslas, maar doen dit nogtans *min* aan die bevolking se vermoë om menslike kapitaal van 'n hoë gehalte te lewer en te *behou* en om veranderings in tradisionele produksiemetodes te bewerkstellig.

(iii) *Die volwasse manlike afhanklikheidslas word verhoog deur die migrasie van werkers uit die Tuislande.* Daar is na raming meer as 700 000 volwasse manlike trekwerkers uit die Tuislande afwesig, wat 'n volwasse manlike retensievermoë (vermoë om binne die tuisland produktiewe aksie te skep) van 62 persent ten opsigte van al die Tuislande impliseer. Tuislande met besondere lae *retensievermoëns* – en derhalwe hoë afhanklikheidslaste (kyk na fig. 9) – is Gazankulu (43 persent), Venda (51 persent), die Transkei (54 persent) en Lebowa (59 persent). Sekere Tuislande soos Bophutatswana (73 persent) die Ciskei (71 persent) en Kwazulu (68 persent) het hoër retensievermoëns hoofsaaklik as gevolg van die groot getal pendelare in die geval van hierdie Tuislande.

(iv) *Tuislandregerings bestee* hoofsaaklik op onderwys en sosiale dienste sodat baie min ruimte gelaat word vir die toewysing van fondse aan werkverskaffingsprogramme. Vir die opgeleide mense moet Blank Suid-Afrika hoofsaaklik werk voorsien. Die werkverskaffingsprogramme word hoofsaak-

| TUISLANDE | | BLANKE GEBIEDE | | Verhouding Tuisl. | Blank |
|---|---|---|---|---|---|
| 52<br>29 | Transkei | Xhosa<br>Transkei | 30<br>17 | 9 | 5 |
| 18<br>9 | Ciskei | Xhosa<br>Ciskei | 10<br>5 | 9<br>5 | 5<br>3 |
| 24<br>16 | Bophutatswana | Tswana | 25<br>18 | 24<br>8 | 25<br>9 |
| 30<br>18 | Lebowa | Noord-Sotho | 11<br>7 | 3<br>18 | 1<br>7 |
| 16<br>3 | Venda | Venda | | 6<br>6 | 1<br>1 |
| 7<br>3 | Gasankulu | Shangaan | 5 | 7<br>2 | 5<br>1 |
| | Swazi | Swazi | 9<br>5 | 1<br>2 | 4<br>5 |
| 57<br>37 | Kwa Zulu | Kwa Zulu | 45<br>29 | 4<br>6 | 3<br>5 |
| | Basotho<br>Qwa-Qwa | Suid-Sotho | 31<br>22 | 1<br>1 | 31<br>44 |
| | | Anders | 9<br>5 | 0<br>0 | 9<br>5 |
| | | | Tot. | 26 | 35 |

60 50 40 30 20 10 0 1000 | 1000 0 10 20 30 40 50 60

manlik

vroulik

lik hanteer deur die Beleggingskorporasie, S.A. Bantoetrust en die Privaatsektor, wat ekonomiese aktiwiteite in die Tuislande aanpak. Dit is gevolglik onwaarskynlik dat dié *arbeidsinterafhanklikheid* in komponentesamestelling wesenlik sal verander in die volgende dekade, behalwe as die *Swart ondernemersvermoë astronomies toeneem* en daarmee saam die spaarsin en -vermoë van die Swart bevolking.

Dit neem egter nie weg dat besteding op onderwys en opleiding besonder positiewe resultate gelewer het vir die Bantoebevolkings nie; veral aangesien die Blanke werkgewers hoër skoling verwag en hoër lone betaal.


Besteding op onderwysprogramme het 'n merkbare verbetering in die onderwysprofiel van die Bantoebevolking tot gevolg gehad terwyl dit ook veranderings gebring het in die beroepstruktuur van die Bantoebevolking in sy geheel.

'n Groot aantal van die hoër gekwalifiseerde Bantoe is in die Tuislande, naamlik 45 persent in die geval van manlike matrikulante en 44 persent in die geval van vroulikes, maar weens gebrek aan kapitaal en sosiaal-ekonomiese agtergrond, bly ondernemerstalent nog skaars.

Die volgende gegewens werp meer lig op die opvoedkundige profiel van die Bantoebevolking en die verspreiding van die ekonomie bedrywige Bantoebevolking volgens beroep.

**Ontwikkeling van die menspotensiaal, 1960 - 1970**

(a) Opvoedkundige profiel van die Bantoebevolking




1960

Vermeerdering 1960 - 1970

(b) Geografiese verspreiding van die ekonomies bedrywige Bantoebevolking volgens beroep

| | '000 | % |
|---|---|---|
| Professioneel | 93 | 47<br>53 |
| Administratief | 3 | 24<br>76 |
| Klerklik | 96 | 82<br>18 |
| Verkoopswerker | 111 | 73<br>27 |
| Dienswerker | 1012 | 87<br>13 |
| Plaaswerker | 2052 | 53<br>47 |
| Produksiewerker | 1689 | 83<br>17 |

% 0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100

Blanke gebiede

Tuislande

Die professionele groep is hoofsaaklik onderwysers. Die administratiewe groep is merendeel staatsdiens. Die res is grootliks in die ekonomie bedrywig. Ondernemerstalent bly nog baie skaars.

*MARKINTERAFHANKLIKHEID* is 'n ander aspek in die dualistiese S.A. ekonomie wat aandag verg in die bevolkingsopset. Die totale Suid-Afrikaanse Koopkrag het vir 1975 R14 618 m beloop waarvan die Swart koopkrag 25,7 persent of R3 750 m beloop het. Die *besteding van dié* bedrag is gevolglik vir 25 persent verantwoordelik vir die behoud van die lewensstandaard vir onder andere ook Blank Suid-Afrika. Om dié bedrag te kan bestee, was hoofsaaklik Blank Suid-Afrika verantwoordelik vir werkverskaffing. Dit is duidelik dat die Swart koopkrag onmisbaar is vir 25 persent van die Suid-Afrikaanse totale binnelandse mark en tot 'n veel groter mate vir die nie-duursame verbruiksgoederemark. Hierdie besteding, tesame met die hoë manlike afhanklikheidslas onder Bantoevolkere, vorm 'n aansienlike komponent van die Suid-Afrikaanse inflasiespiraal. Vir die uiteindelike benutting van grootskaalse produksiebesparinge in die Suid-Afrikaanse vervaardigingspatroon sal die Swart koopkrag steeds meer onmisbaar word, veral waar die ekonomiese groeikoers in die vroeë sewentigerjare reeds oor die 16 persent vir Tuislande beloop het teenoor die 2,7 persent van die vroeë sestigerjare. In hierdie verband *lê ekonomiese selfstandigheid* vir Swart Tuislande *daarin dat hulle steeds groter* seggenskap gaan kry in die probleem van die ekonomie, naamlik wat geproduseer *moet* word, hoe dit geproduseer moet word en vir wie geproduseer moet word. Verbruikersoewereiniteit sal in steeds groter mate in die hande van Swart verbruikers sentreer.

## INFRASTRUKTURELE INTERAFHANKLIKHEID

Die geografiese integraliteit van die Tuislande met die Republiek van Suid-Afrika en die moeite en koste wat Blank Suid-Afrika aangegaan het om die groot Swart arbeidsmag toeganklik te maak, bespaar die Tuislande aansienlike aanvanklike kapitale investerings om self van meet of aan water-, energie- en vervoermedia daar te stel. Dié interafhanklikheid hou *ENERSYDS* in dat die reeds karige kapitaalbronne *nie* vir infrastruktuur aangewend hoef te word nie maar *andersyds,* dat dié bronne benut moet word om PRODUKTIEWE dienste te skep wat kapitaal *moet voorsien* vir toekomstige *eie* ontwikkeling om die veranderinge in komponentsamestelling van die interafhanklikheid die hoof *te bied.* Die bestaande beskikbaarheid van infrastruktuur bly intussen vir die Tuislande 'n bonus wat voortvloei uit hulle onmisbaarheid in die Suid-Afrikaanse ekonomiese opset, en wat baie bydra tot ontwikkelingsgeleenthede in die Tuislande.

## NATUURBRONNE

Die tweede hoofkomponent ten opsigte van die interafhanklikheid, naas

bevolking, is natuurbronne en die aanwending daarvan. Die komponent word in vier elemente verdeel, naamlik Landbou, Mynbou, Nywerheid en Handel. Daar word net baie kortliks hierna verwys.

Landbou. Hoewel statistieke aandui dat *onderhoudsproduksie* tot 'n peil van 45 persent in 1975 gedaal het (dit beteken dat 'n geldekonomie vir 55 persent funksioneer), is dit duidelik *uit* die verdeling van die nasionale inkomste dat hierdie laer onderhoudspeil nie bereik is deur meer produktiewe optrede binne die Tuislande nie, maar wel deur 'n toename in gasarbeiders en pendelare.

Hoewel die Tuislande oor besondere waardevolle landbougebiede beskik, word slegs 'n minimum daarvan ekonomies benut. Die wat wel benut word, word slegs benut tot ongeveer 'n *sesde* van die produktiwiteit van ooreenstemmende landbougrond in Blanke gebiede. Indien in aanmerking geneem word dat slegs 13 persent van die Republiek van Suid-Afrika landboukundig bewerkbaar is; dat daarvan slegs die helfte reeds onder bewerking is (en wel teen 'n redelike optimum) en die res slegs teen baie hoë koste benutbaar is; en indien verder in ag geneem word dat die Tuislande oor groot landbougebiede beskik wat relatief onontwikkel en onbenut lê terwyl hulle tans vir meer as 70 persent van hulle voedselbehoeftes afhanklik is van Blank Suid-Afrika, dan is dit duidelik dat daar groot potensiaal is vir veranderinge in die komponente van interafhanklikheid. Dit is duidelik dat Tuislande in die landbouopsig nog sterk *afhanklik* is van Blanke ¡produksie, -kapitaal en kundigheid. Tog is *meer as die helfte* van die Tuislande se landboubevolking (53 persent), of 1,1 miljoen arbeiders, in Blanke gebiede werksaam en gevolglik medewerkers in Blanke landbouproduksie, wat weer 'n Blanke afhanklikheid skep, veral van dié arbeid wat moeilik of glad nie deur meganisasie vervang kan word nie. Weer eens tref die aanwesigheid van interafhanklikheid. Swart en wit is vir mekaar *onmisbaar* en sal dit waarskynlik vir die verre toekoms wees.

### Mynbou en Nywerheid

Aansienlike mynbou-aktiwiteite is in die Tuislande aan die gang en moontlik. *Ongelukkig* is die tans bekende delfstowwe hoofsaaklik gekonsentreer in twee Tuislande naamlik Bophutatswana en Lebowa. Ontginningsaktiwiteite sowel as prospekteeraktiwiteite word feitlik uitsluitlik deur Blankes en Blanke maatskappye onderneem, terwyl Tuislandinwoners grotendeels verseg om in myne te werk sodat, met enkele uitsonderings, die Bantoe-arbeid in myne binne Bophutatswana ander Bantoe as Tswana is. Oor die algemeen beskou, is mynbou in Blank Suid-Afrika sterk afhanklik van Bantoe-arbeid wat binne- sowel as buite Suid-Afrika gewerf word, sodat 'n mate van interafhanklikheid weer na vore tree.

In die nywerheidsveld is die interafhanklikheid nog duideliker, aangesien

Tuislande die enkele produkte wat wel geproduseer word nog op Blanke inisiatief en kapitaal produseer, terwyl nywerhede in Blanke gebiede vir 'n *groeiende* voortbestaan feitlik totaal van die *groot* komponent van Bantoe-arbeid afhanklik is. Vir die Bantoeproduksiewerker is werkgeleentheid vir 83 persent in Blanke gebied geleë, dit wil sê 1,4 miljoen Swart mense van die Tuislande is verbonde aan nywerhede en mynbou binne Blanke gebied.

**Handel en dienste**

Die Swart klerklike werker is vir 82 persent, die verkoopswerker vir 73 persent en die dienswerker vir 87 persent afhanklik van werkgeleentheid in Blanke gebiede – daarsonder sou die handels- en dienstemasjien van die Suid-Afrikaanse ekonomie nie kon voortbeweeg nie. Interafhanklikheid tree weer eens op die voorgrond.

**Samevatting**

Interafhanklikheid tussen Wit en Swart op ekonomiese vlak is duidelik. Tog ... oor die algemeen wil die deursnee Blanke nie interafhanklikheid *erken* nie en staan hy ambivalent teenoor die Tuislandontwikkeling en tree hy onoortuigend op in die Ekonomiese deelgenootskap. Die feit dat die Blanke afhanklikheid van Swart Suid-Afrika vir ekonomiese voortbestaan hoofsaaklik nog op kwantitatiewe vlak beskou word en dat die realiteit van *kwalitatiewe afhanklikheid* nog nie deurgedring het nie, is waarskynlik een van die grootste redes vir dié ambivalensie. Dit is waar dat die Bantoe vir die hede nog minder *selfgeldend* op ekonomiese gebied kan optree as die Blanke, maar *die ontwikkeling van Swart entrepreneurskap* en die *vorming van Swart kapitaal* kan dié orde binne afsienbare tyd omkeer. Indien aanvaar word dat Swart Suid-Afrika wel die potensiaal daartoe het om die orde te verander (wat sekerlik nie net 'n waarskynlikheid is nie), sal dit raadsaam vir veral Blank Suid-Afrika wees om te besef dat:

(a) interafhanklikheid net sal voortbestaan solank daar 'n gemeenskaplike belang is;

(b) dat dié gemeenskaplike belang kan *wissel,* beginnende by ekonomiese belang, wat gewoonlik die oorheersende belang is, en dan verleng word na die sfere van nasionale veiligheid, kultuur, wetenskap, tegnologie, *kwaliteit* van lewe ensovoorts.

(c) dat hoe meer die partye mekaar kan *aanvul,* hoe langer die interafhanklikheid sal hou en dat wederwydse *respek* 'n produk gaan lewer wat groter is as 1 plus 1.;

(d) dat *lewenstandaarde net* verbeter kan word deur in Suid-Afrika hierdie *interafhanklikheid* te behou en te bevorder; dat

(e) *Interafhanklikheid* en *nasionalisme* (Volksbehoud) heeltemal versoenbare begrippe is;

(f) dat Suid-Afrika reeds 'n geïntegreerde ekonomie het waarin die produksiesektor deur die Bantoe oorheers word naamlik *Landbou in Blank Suid-Afrika* is slegs 5 persent Wit, *Mynbou* 10 persent Wit en *Nywerhede* 20 persent Wit; en

(g) dat produktiwiteit op goeie rasseverhoudinge berus en laasgenoemde minstens die *erkenning* van *interafhanklikheid* verg.

Soos wat van die Swart mense geverg sal word om *houdinge en gewoontes* te verander *ten einde* nulle lewenstandaard op *ekonomiese* sowel as sosiaal-kulturele vlak te verhoog, net so sal van die Blankes in Suid-Afrika geverg word om *houdinge* en *gewoontes* te verander om hulle lewenstandaard *te behou en te verbeter.*

Interafhanklikheid en die wedersydse *erkenning daarvan* sal die voortbestaan van alle volkere in Suid-Afrika verseker; sal vir die Bantoe die pad na *ekonomiese selfstandigheid* beteken; en sal vir die Blanke, veral die Blanke Afrikaner op die pad van *roepingvervulling plaas* om daardeur ook sy Skepper te verheerlik.

## BRONNELYS


1. Alle syferberekeninge is gedoen uit ongepubliseerde gegewens en bronne waarvan geheimhouding noodsaaklik is.

2. Greyling, D.J. Swart arbeid; tyd is kort. *Volkshandel,* 37, April, 1976.

3. A I E S E C. Interdependence; Congress Report, 1975.


Gedruk deur PU